

Oorgawe tot strafgerig en grondwetlike ruimte vir die voorbereiding van die Huis van Bloedrivier

Dr. Ronnie vd Merwe, Majuba 2012.

Want so sê die HERE: "Vir niks is julle verkoop, julle sal ook sonder geld gelos word." (Jes. 52:3)

"Maar nou wat vind Ek hier? Spreek die HERE: want My volk is vir niks weggeneem, sy oorheersers maak geraas, spreek die HERE, en My Naam word gedurigdeur die hele dag gelaster. Daarom sal hulle weet op die dag dat dit Ek is wat spreek: Hier is Ek." (Jes. 52:5, 6)

Ek wil kortliks aan u voorhou hoe ons volk vir niks verkoop is. Sodat ons kan begryp dat ons onder strafgerig geplaas is. Maar dat ons ook sonder geld gelos sal word.

Daar is een alles bepalende faktor ten opsigte waarvan ons volk bewus moet bly en ten opsigte waarvan ons bewustelik sal moet handel. JHWH(DIE HERE) bepaal die weë van Sy kinders en dienooreenkomstig bepaal Hy ook die besluite in die raadsale van die nasies en Hy kom Sy beloftes na.

Hiermee bring ek kortliks die ondenkbare en unieke val van die eens ryk en magtige volk weer voor u geestes oog. 'n Politieke party, die ANC, verkry deur terreur en die hulp van buitelandse vyande van ons volk die aansien asof hy alle gekleurde mense sou verteenwoordig. Die party word sodanig internasionaal gesteun dat hy homself ingevolge Protokol 1 van die Genève se Konvensies internasionale regs persoonlikheid aanmatig.

'n Verkose regering laat hom ten koste van die toekoms van sy kiesers holderstebolder dwing om die volle beheer oor te gee sonder enige beskerming van sy kiesers, sy polisiemag en sy weermagdele.

Vir die eerste keer sedert Adam en Eva gee die regering van 'n volk wat ordelik bestuur word met 'n magtige weermag en doeltreffende polisiemag alle mag oor aan mense wat vir 'n kort periode vanuit die posisie van babarisme (in terme van die waarde-stelsel van die heersers) in aanraking met die beskawingsvlak van die omgewing wat rondom hulle geskep is, was.

In evaluering van die militêre situasie verklaar Chester Crocker, Onder-Minister van Buitelandse Sake – VSA, dat die swart weerstandsbeweging nie die vermoë gehad het om die regering te dwing om oor te gee nie.

So ook t.o.v. 'n peiling in 1987 dat slegs 3% Afrikaners 'n swart meerderheidsregering sou aanvaar en 11% Engelsprekendes. Daar was dus vanaf kieserskant geen begeerte of verwagte opdrag om oor te gee nie.

Buitelandse druk deur die VSA en Engeland, wat die toon aangegee het met ekonomiese sanksies kon S.A. nie tot 'n val bring nie. Einde 1986 toon ons 'n handelsoorskot van R15 miljard.

Daar was dus geen militêre krisis, ekonomiese beweegredes of enige kiesers-verwachting dat die volk die mag oor homself moet prysgee vir 'n swart party se oorheersing nie.

In die 1989-verkieping word dan die blanke kiesers beloof dat wanneer van die verkiesingsmandaat afgewyk word die kiesers d.m.v. referendums getoets sou word. Dit word herhaal op 30 Maart 1990 en Januarie 1992.

In November 1989 val die Berlynse muur. Daar word hoog opgegee dat die kommunistiese bedreiging nou verby is.

Desember 1989 - die verbod op ANC en PAC word opgehef.

Op 2 Februarie 1990 kondig Mnr. F.W.De Klerk die begin van die veel-party onderhandelings aan. (Voor sy toespraak noem hy aan sy vrou dat S.A. nooit weer dieselfde sal wees nie). Op 2 Februarie

word die ranke van hierdie volk begin om afgekap te word in aanloop tot die verbreking van die konstitusionele verbintenis tussen Christus en ons volk (Jes.18, Sef. 3)

Op 11 Februarie word Mandela vrygelaat sonder dat hy geweld afsweer. Die ANC sou die dreigement van geweld dwarsdeur die daaropvolgende onderhandelingsproses as 'n hefboom gebruik om sy volle sin te kry. Dit (geweld) wou Mnr. De Klerk ten alle tye voorkom met die verskoning dat die ekonomie groot skade in so 'n geval sou ly.

In 'n meningspeiling van 1991 glo slegs 15% witmense dat hul beter daaraan toe sal wees met 'n grondwetlike aanpassing vir 'n nuwe S.A.

Maart 1992 - dubbelsinnige referendum word gehou. Een plakkaat het die slagspreuk gedra van: "Staan meerderheidsregering teë - stem JA" - 69% sê JA.

Die NP onderhandelaars openbaar geen magsvertoon soos die ANC nie en probeer verskeie plannetjies van sogenaamde wigte en teenwigte. Die '89-beloftes om aan die einde van die proses weer die kiesers te raadpleeg het in die vergetelheid verdwyn. Dis in ooreenstemming met die Huntington – resep – sê een ding en doen 'n ander.

NP probeer meganismes van magsdeling in die onderhandelings vestig, maar alle pogings om die mag van meerderheid en minderhede te balanseer word deur ANC verwerp en hou vol van die begin af - die wenner vat als. Om sy sin te kry onttrek die ANC aan onderhandelings en NP raak angstig om klaar te kry - "ter wille van die ekonomie".

Uiteindelik kom die ANC met 'n slinkse aanbod wat die NP met albei hande aangryp - Tussentydse Grondwet vir regering van Nasionale Eenheid(RNE) vir 5 jaar. 'n Kabinetspos vir elke 20 verkose parlamentslede maar die kabinet funksioneer met 'n meerderheidsbesluit.

Geen gesag aan etniese gemeenskappe m.b.t. onderwys of woonbuurte nie, maar met regstellende aksie sal daar ook balans wees tussen "regstelling" en meriete. Mnr. De Klerk speel nie die troefkaart deur met die grondwet terug na sy kiesers te gaan nie, maar omseil sy kiesers deur 'n parlementêre besluit waardeur NP parlementariërs die mag van die blanke kiesers finaal ontnem, sodat hul nie alleen 'n finale beslissing m.b.t. die finale grondwet te kan gee nie en 'n een man een stem verkiesing word i.t.v. die Tussentydse Grondwet uitgeroep.

Die NP gooi die veiligheidsmagte vir die wolwe. In plaas van algemene amnestie waardeur goeie trou en versoenende gesindheid openbaar sou kon word, sou 'n kommissie (waarin die ANC die meerderheid het) gevorm word, waarby persone in die veiligheidsmagte kan kom kruip vir amnestie.

Daar was egter een groot risiko wat die gevolg kon hê dat die hele proses en "stabiliteit" ontwig kon word, naamlik die moontlikheid van blanke regse opstand. Genl. Constant Viljoen het na skatting sowat 100 000 man onder die wapen gehad wat 'n verkiesing kon ontwig. Viljoen was egter self bewus van sy magteloosheid weens die verdeeldheid onder regses en 'n meningspeiling het getoon dat slegs 20% van die regses op daardie stadium te vinde vir die Volkstaat-gedagtes was.

Om die moontlike bedreiging af te weer het die ANC 'n aanbod gemaak om Genl.Viljoen tot die verkiesingsdeelname oor te haal. Op 21 Desember 1993 is 'n ooreenkoms tussen ANC en Afrikanervolksfront(AVF) aangegaan. Die ANC was met 'n magspel besig ten einde die weg te baan om alle mag te bekom. Die magtige NP het soos met af vlerke gespartel en tree vir tree toegegee.

Die ooreenkoms tussen die ANC en AVF het soos volg gelui: "In our considerations we have recognised various modes of self determination. It may involve the negotiation of a territorial entity which may have various degrees of autonomy. This may be augmented by constitutional devices securing various degrees of autonomy over the specific affairs of that community at one or more of the levels of government." Die Tussentydse Grondwet is gewysig deur Wet 2 van 1994. Volgens hierdie wysiging was dit duidelik dat die bedoeling van die wetgewer was om die Afrikaner-Volkstaat-gedagte territoriaal te akkommodeer en dat die grense van die nuut ingestelde provinsies aangepas kan word vir sodanige akkommodasie.

‘n Raad, naamlik die Volkstaatraad sal op regeringskoste (ANC) ‘n uitgebreide studie doen en met verslae en aanbevelings na die nuwe regering kom.

Op 27 April 1994 vind die verkiesing plaas. ‘n Kabinet van Nasionale Eenheid word saamgestel bestaande uit ANC 18, NP 6 en IVP 3- lede.

Noudat die ANC beheer het verdwyn die gees van versoening en Mandela steur hom nie aan die minderheidsgroepe in die kabinet nie .

In plaas van 5 jaar deelname onttrek Mnr. De Klerk in 1996 nadat hy besef die RNE is ‘n fatale oefening. Die ANC het die aanbod van ‘n RNE as ‘n rookskerm gebruik om eers die volle mag te bekom sonder dat die blanke kiesers die Tussentydse Grondwet in ‘n referendum kon veto.

Die Volkstaatraad ondersoek die opsies van ‘n Afrikanerstaat, die kwessie van selfbeskikking in samehang met volkeregtelike beginsels en VN protokolle. Taakgroepe het uit ‘n reeks kundiges bestaan soos dorpsbeplanners, regsgeleerdes, volkekundiges van 4 buitelandse universiteite, argitekte, opvoedkundiges, ingenieurs, akademici en nog ander.

Verskeie verslae word aan die regering voorgelê onder andere deur die 4 taakgroepe en t.o.v. Pretoria- Verwoerdburg- Wonderboom, Bosveld, Oos-Transvaal en Noordwes-Kaap asook m.b.t. kulturele selfbeskikking.

Niks het verhoed dat verskeie outonome gebiede verklaar kon word waar Afrikaners hul selfbeskikkingsmag kon uitoefen nie.

Hiervan het verder niks gekom nie. Die ANC het sy mag verkry, die NP het in die niet verdwyn en die risiko van noemenswaardige Afrikaner-opstand bestaan nie meer volgens die ANC se oordeel nie.

Die Dingaans-opsie is uitgevoer. Ooreenkoms en sg. versoeningsgesindheid word opsy geskuif nadat die ANC verseker is van sy mag en die ANC stel man alleen die finale Grondwet 108 van 1996 op waarin niks te vinde is van die Tussentydse Grondwet bepalings m.b.t. selfbeskikking vir die Afrikaner nie.

Volgens die Konstitusionele Hof in re : Certification of the Constitution of the RSA 1996 (4) SA744 op 840 was die hof se standpunt dat hierdie bepalings slegs magtigend was en nie ‘n verpligting bevat het nie.

Die vraag is nou of die Grondwet 108 van 1996 dit nog steeds vir die Afrikaner moontlik maak om territoriale selfbeskikking te kry.

Ingevolge Artikel 235 van die Grondwet verklaar bogenoemde hof:

“Proponents of a Volkstaat are free to campaign for political and constitutional changes which would result in the forms of self-determination which they consider appropriate being brought about and institutionalised.”

Waar dit in die Tussentydse Grondwet nie nodig was nie, sal die huidige grondwet met ‘n ⅔ meerderheid gewysig moet word vir die toekenning van territoriale of enige ander vorm van selfbeskikking aan enige etniese groepering.

So iets is menslik gesproke hoogs onwaarskynlik. Dit laat egter die volle ruimte vir die Geloftevolk om voorbereiding te ontwikkel om ‘n werkbare konsep op die tafel te sit waarvolgens so ‘n beoogde Staatshuishouding behoort te funksioneer.

Prof. Hercules Booyen vra die vraag of die regering van die Afrikaner se reg tot selfbeskikking, gekoppel met onderdrukkende maatreëls van die regering, nie reeds die Afrikaner die reg gee om sy volle selfbeskikking af te dwing nie. Hiervoor is daar nie ‘n juridiese antwoord nie - die antwoord lê by die selfbeskikkings subjek - d.w.s. die Afrikanervolk self. Hiervoor, sê hy, lê die besluit by die volk self sonder om volksregsgeleerdes te konsulteer.

Hy sê daar is geen liggaam in die volkereg wat nuwe state kan skep nie. Die volkereg heg slegs sekere gevolge aan situasies wat feitelik ontstaan - veral in geval van afstigting.

Vir so lank as wat ons Hemelse Vader ons onder strafgerig wil hou sal ons ons eie heil verongeluk deur ewigdurende onenigheid en verdeeldheid.

Ons eerste stap is dus om ons as volk se saak met die HOOFSETEL reg te maak. Ons moet die skeidsmure tussen ons en ons Vader verwyder. Wanneer ons dan die punt bereik waar van ons gesê sal word “wie sy broeder liefhet, bly in die lig en in hom is geen oorsaak van struikeling nie” - dan sal die vyeboom begin bot en die volk eensgesind sy vryheid soek sodat hy JHWH(DIE HERE) kan dien.

Met alleen hierdie vryheidstrewes sal die volk vry word. Laat ons ons deeglik daarvoor voorberei. Hy sal besluit oor die proses

- Die Kores opsie
- Die Josafat opsie of
- Die Dawidiese opsie

Hierin sal Hy ons lei. “Vir niks is julle verkoop - julle sal ook sonder geld gelos word.”

Bronne: Pretorius, Fransjohan (2012)

Geskiedenis van Suid-Afrika – van voortye tot vandag. ‘n Opdrag van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns. Tafelberg uitgewers

Wingard, Johan. (2011) Verslag van die Volkstaatraad.